



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

### Gratis kinder storie:

## Ben en die dinosaurus deur Anna Emm

Op Ben se verjaardag gee Tannie Let vir hom 'n dinosaurus in 'n fles. Dit is die beste present ooit! Hy haal die dinosaurus uit die fles en speel die hele dag daarmee in die tuin. Daardie aand, toe hy die dinosaurus weer wil terugsit in die fles, is die dinosaurus te groot! Dit wil nie in die fles nie.

"Dis vreemd," sê Ben se mamma. "Dalk het die son dit warm gemaak en toe swel dit so 'n bietjie."

Ben sit toe maar die dinosaurus langs die fles op sy bedkassie neer – tussen sy bedlampie en sy boekies – en raak aan die slaap. Maar o aarde, toe Ben die volgende oggend wakker word, het die dinosaurus afgeval van die kassie! Dit lê op die grond. Maar toe Ben dit optel om te weer op die kassie te sit, sien hy 'n vreemde ding. Die dinosaurus is nou te groot om op die bedkassie te staan tussen sy lampie en sy boeke! Dit pas nie meer daar in nie!

Ben sit die dinosaurus in sy skooltas, want hy wil dit pouse vir al sy maatjies by die skool gaan wys. Al sy maatjies dink ook dis die beste present nog ooit! Maar o gits, toe Ben ná pouse die dinosaurus weer in sy tas wil sit, is dit te groot om in sy tas te gaan!

"Sit dit maar eers daar agter die deur," sê sy juffrou.

Ná skool gaan haal Ben die dinosaurus agter die deur. Dit is nou sommer baie groot. Hy sukkel om dit in die kar te kry. By die huis trek Ben vinnig sy skoolklere uit, en dan gaan speel hy met die dinosaurus in die tuin. Die dinosaurus is nou so groot dat hy dit op die kruitwa moet rondstoot!

"Jy kan nie daai ding in die huis in bring nie!" keer Ben se mamma toe hulle klaar gespeel het. "Kyk net hoe groot is dit!"

Ben sit toe maar die dinosaurus op die trappie by die agterdeur neer. Maar toe hulle die volgende oggend buite kom, staan die dinosaurus die hele tuin vol! Dit is so groot soos 'n bus!

"Dit sal nooit deug nie!" sê Ben se pappa, en hy bel die brandweer om die dinosaurus te kom haal. Ben is hartseer om die dinosaurus te groet toe dit agterop die brandweer so groot lorie gelaai word.

"Toemaar," sê die brandweerman. "Hier is vir jou 'n ietsie anders om mee te speel."

Die brandweerman haal iets uit sy sak en gee dit vir Ben. Dit is 'n groot rubber-spinnekop in 'n fles! Die beste present nog ooit!

Gratis inkleurprentjie:

**Ben en die dinosaurus** illustrasie deur Elanie Bieldt





## Nuus uit die kantoor

# Sluit aan by ons "Storieklub" en kry hierdie A5 storieboekie GRATIS!

(Aanbod geldig tot 25 Maart)

**Wat is die "Storieklub"?** Ons het vier jaar gelede begin met die "Storieklub" op aanvraag van ons lojale kliënte wat graag op 'n gereelde basis 'n nuwe storie-CD in die pos wou ontvang. "Storieklub"-lede betaal met gerieflike maandelikse debietorders, en ontvang dan elke maand 'n nuwe produk van hul keuse, sonder dat hulle bestellings hoef te plaas of EFT betalings hoef te doen. "Storieklub"-lede betaal ook minder of geen posgeld nie.

**Hoe lank moet ek lid bly?** Daar is 'n minimum van 6 maande lidmaatskap vir nuwe "Storieklub"-lede. Na 6 maande kan jy kanselleer, of voortgaan en later kanselleer deur 1 maand kennis te gee.

**Daar is verskillende opsies vir "Storieklub"-lede:** Alle pakkies word met "tracking" nommers gepos, behalwe die R79 opsie, wat met gewone pos gestuur word.

### Opsie 1: Storieklub-BASIES @ R79 per maand

Ontvang 'n nuwe CD met 4 luisterstories elke maand ter waarde R80 (gewone pos)

### Opsie 2: Storieklub-BASIES @ R99 per maand

Ontvang 'n CD met 4 luisterstories elke maand ter waarde R80 (tracking nommer)

### Opsie 3: Storieklub-100 @ R119 per maand

Ontvang 'n CD met 6 luisterstories elke maand ter waarde R100

### Opsie 4: Storieklub-BOEK+CD @ R130 per maand

Ontvang 'n nuwe uitgawe van ons "Afrikaanse Kinderstories"-reeks (A4 boek met CD vir saamlees en -luister) elke maand ter waarde R120

### Opsie 5: Storieklub-DVD @ R130 per maand

Ontvang 'n nuwe DVD met Afrikaanse kinderstories elke maand ter waarde R130

**Hoe sluit ek aan?** Voltooi die aangehegde "Storieklub"-vorm sommer op jou rekenaar, en klik op die woord "stuur" onderaan die bladsy om dit aan ons te stuur.

**Wanneer kry ek my eerste produkte?** As jy vóór 25 Maart aansluit ontvang jy jou eerste pakkie reeds binne die eerste week van April, **en jy kry 'n GRATIS storieboekie in jou eerste pakkie! (Aanbod geldig tot 25 Maart)**

"Storieklub" is 'n produk van Anna Emm Productions  
[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) | 021 911 5618 | [storieklub@annaemm.co.za](mailto:storieklub@annaemm.co.za)